

# FICKSBURG 4X4 SUID AFRIKA

VRYWARRING / VERKLARING / ONDERNEMING MOET DEUR ELKE DEELNEMER / BESTUURDER GETEKEN WORD.

Ek, die ondergetekende,

.....  
(VOLLE NAME)

Identiteits nommer: .....

ADRES: .....

.....

Dat Ek die reëls van deelname gelees en verstaan het en instem om die reëls van die organiseerders, FICKSBURG 4X4, te gehoorsaam en na te kom.

Ek verbind my ook aan enige bykomende reëls wat uitgereik mag word ten aansien van die voormelde 4x4 prettdag.

Ek onderneem dat ek onder geen omstandighede 'n eis in te stel nie en vrywaar FICKSBURG 4X4, sy lede, die organiseerders, die eienaar op wie se eiendom die gebeurlikheid plaasvind of enige regering, provinsiale of munisipale liggaam of instansie of hulle onderskeie amptenare, agente, dienaars, werknemers of verteenwoordigers, teen enige eis vir enige persoonlike besering - fataal of anders - of vir verlies van welke aard ookal, opgedoen, deur myself of enige ander persoon of insittendes van die voertuig deur my bestuur of nagegaan deur my, of enige persoon of insittendes in of op die voertuig, hetsy veroorsaak gedurende die gebeurlikheid of oefen rondte of as die voertuig op enige deel van die pad is wat deel uitmaak van die baan of roete of eiendom, of enige afwyking daarvan, of enige nadering daarvan, skade opgedoen, besering of verlies opgedoen al dan nie, dit toeskryflik word of veroorsaak word deur die doelbewuste daad, verwaarlosing of late van enige lid, beampte, dienaar of verteenwoordiger of FICKSBURG 4X4 of die eienaar van die eiendom waar die gebeurlikheid gehou word of enige regering, provinsiaal of munisipaliteit. In die geval waar ek van 'n voertuig gebruik maak of bestuur waarvan ek nie die eienaar is nie, waarborg ek dat ek die wettige eienaar se toestemming het om van die voertuig gebruik te maak of bestuur en dat ek wel die eienaar gewettig is om namens die eienaar die vrywarings te verskaf, soos hierin vermeld. Ek vrywaar FICKSBURG 4X4, sy lede, die organiseerders, en die eienaar van die eiendom waar die gebeurlikheid plaasvind, enige regering, plaaslik of munisipaliteit en hulle onderskeie amptenare, agente, dienaars, werknemers, van enige regsgeeldigheid vir skade of beserings opgedoen soos bogenoem, deur myself of enige ander persoon soos hierin vermeld.

Ek verklaar verder, dat ek ten volle bewus is van die risiko's en gevare by sodanige byeenkoms, tydens of enige ander vorm van motorwedren en welke ek hiermee aanvaar.

Die vrywaring geld slegs vir die byeenkoms hierbo genoem.

GETEKEN TE FICKSBURG HIERDIE DAG ..... VAN ..... 20 .....

.....  
HANDTEKENING

BYGESTAAN DEUR MY .....

(Ouer/Voog/Kurator)

As die ondertekenaar van die bogenoemde vrywaring onder die ouderdom van 21 jaar is, word die volgende bygevoeg en voltooi.

Ek, die ondergetekende,

.....  
(VOLLE NAME)

Identiteits nommer: .....

Adres: .....

In my hoedanigheid as vader / voog / kurator van ..... Gee hiermee toestemming dat my seun / dogter/ beskermeling aan die 4x4 prettdag mag deelneem. Ek bevestig en verklaar dat hierdie toestemming as ingeslote tot en deel van die voormelde vrywaring, welke ek bevestig dat ek ok gelees, verstaan en onderteken het en die inhoud waarvan ek bevestig ek mee vertrou is en welke ten volle deur my seun / dogter / beskerming belees en verstaan is. Ek verklaar verder, dat ek ten volle bewus is van die risiko's en gevare betrokke by sodanige byeenkoms, tydens of enige ander vorm van motorwedren, welke ek hiermee aanvaar.

GETEKEN TE FICKSBURG OP HIERDIE ..... DAG VAN ..... 20 .....

.....  
HANDTEKENING (OUER / VOOG / KURATOR)

## REËLS - FICKSBURG 4X4

- #1 Alle voertuie is onderworpe aan 'n inspeksie.
- #2 Remme moet baie goed en effektief wees.
- #3 Bande se ryvlak moet voldoende wees.
- #4 Geen voertuig mag van die gemerkte roete afwyk nie.
- #5 Geen alkohol op die 4 x 4 roete nie.
- #6 Alle deelnemers moet die onderneming teken.
- #7 Bestuurders moet oor 'n gelde rybewys beskik.
- #8 Alle deelnemers neem deel op eie risiko.
- #9 Geen vullis strooi of brandende stompies word geduld nie.
- #10 Aantal passasiers bepaal deur hoeveelheid veiligheids gordels.
- #11 Elke voertuig eie herwinnings toerusting.
- #12 Geen quads of motorfietse word op die 4 x 4 roete toegelaat nie.
- #13 Reg van toegang word voorbehou.
- #14 Nalatige of roekelose bestuur word nie geduld nie.
- #15 Vuurmaak en piekniek slegs op uitgemerkte areas.
- #16 Baan beamptes mag nie ondermyn word nie.

---

(Handtekening) vir ontvangs van reëls